

16 September - REËN

Skrif- en Fokusgedeelte: Jakobus 5:7-11

Sonder water kan geen skepsel op die aarde oorleef nie. Sonder water versmag mens, dier en plant. Sonder water is dit ook onmoontlik om te kan boer.

Daar is dele in ons land waar die vindingrykheid en versierendheid van die mens al daartoe kon lei dat damme op die regte plekke 'n redelik konstante voorsiening van water kon daarstel. In ons kontrei word boere oor 'n baie groot area deur middel van 'n netwerk van kanale vanuit die Loskopdam van landbouwater voorsien.

In die grootste gedeelte van ons land egter, soos in die destydse en hedendaagse land Israel, is en was water die mees onsekere element waarmee veral saaiboere te doen het. Hy kan self alles op die regte tyd doen, soos ploeg, plant, bemes en oes, maar water kom van die Here af.

Geplante gewasse het op sekere kritiese tye die regte hoeveelheid water, asook gebrek aan water, nodig, byvoorbeeld vir ontkieming, vir bestuiwing, vir saadontwikkeling, vir die droogwordproses, ensovoorts.

Die apostel Jakobus noem hierdie kritiese tye van voorsiening deur die Here *die vroeë en die laat reën*. Hierop wag die boere met volharding, en lydsaamheid/geduld. Die saaiboer leef met die oog in die weer, met sy oë ondersoek hy die lug, en wag hy op dit wat hy op 'n gegewe tydstip in sy oesontwikkeling nodig het. Reën, of dalk nie ... Hy wag daarop, want hy kan dit nie self produseer of selfs koop nie. Gelowige saaiboere wag op 'n sekere manier – hulle wag op hulle knieë, hulle wag biddend, want hulle beleef dit baie meer werklik as dorps- of stadsbewoners dat net die Here die sluise van die hemel beheer.

Met hierdie beeld verduidelik die Here aan ons wat van ons gevra word in die lig van Jesus se wederkoms. Ons moet met volharding en geduld daarop wag. Niemand ken die tyd en die uur nie, net ons Vader in die hemel. Met volharding word bedoel: ons moet as 't ware leef met die oog op die wolke, in vreugdevolle verwagting dat Hy enige tyd mag kom. Met geduld word bedoel: ons moet in hierdie volharding nie tou opgooi nie, nie moedeloos word nie. Ons Here Jesus sal kom, op presies die regte tyd!

Met geduld en volharding beteken: Op die knieë, tewel die oë hemelwaarts aan die seek is!

Sing: Psalm 98:3, 4 (1936-beryming)

Ds LSD du Plessis (Groblersdal)